

Donderdag 12 Augustus

Skrifgedeelte: Job 18

Fokusgedeelte: Job 18:1-4

Pasop vir eie gevolgtrekkings!

Dis nie sommer so dat ons Afrikaanse idioom praat van Jobstroosters nie. Mense wat met die beste bedoelings en van 'n selfopgeëisde hoë grond hulle eie opinies aan ander opdwing.

So was dit met Bildad. Dis nou al die tweede aanslag wat hy teen Job loods. In hoofstuk 8 het hy wel nog die hoop uigespreek dat dit met Job beter moet gaan, maar nou is dit weer later. Hy is glad nie oortuig van Job se redenasies van onskuld nie. In verse 1-4 sê hy vir Job in soveel woorde dat Job te veel praat en dat sy redes ongeldig is. Dan gee hy sy opinie: hy brei in die mooiste beelde uit oor wat hy dink die rede vir Job se lyding is: Job is 'n sondige mens! Bildad is daarvan oortuig dat daar 'n bepaalde lot is wat sulke mense tref en ... Job voldoen perfek aan sy definisie!

Wat Job beleef, is bloot die lot van sondige mense!! En so beskuldigend uit hoër grond, laat vriend Bildad vir Job! Tragies. Sonder hoop – net 'n veroordeelde sondaar wat besig is om sy vonnis uit te dien.

Mag ons hieruit leer om nie ander se omstandighede uit ons eie oogpunt te beoordeel en tot gevolgtrekkings te spring nie. Mag die Heilige Gees ons wysheid gee om inderdaad goed te luister en stadig en versigtig te wees om te praat.

Sing: Psalm 42-1:1

Dr. PK Lourens (Pieter) (Emeritus)